# INHOUD


Inleiding tot die studie van die roman 7

1. Voorwoord 7

2. Kontekstualisering van *Skoenlapper* as roman 8

2.1. Biografie van die skrywer 9

2.2. Basiese kenmerke van die roman 9

2.3. Opsomming van die inhoud 15

2.4. Prelees-aktiwiteite 16

Romanteks 23

Leesgids 235

# INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN DIE ROMAN

## 1. Voorwoord

Die leesgids agter in hierdie boek is saamgestel om jou te help om Graad 12-letterkunde suksesvol te slaag.

As jy die teks lees en die gids deeglik deurwerk sal jy die volgende besef:

- Die roman is opwindend om te lees.
- Die opsommings en vrae na elke derde hoofstuk help jou om die roman in klein happies te verwerk.
- Jy kan aan die einde die verhaal ontleed.
- Jy verstaan en waardeer die literêre terme en kan dit toepas.
- Jy hoef nie die eksamen te vrees nie.

In die leesgids sal jy die volgende vind:

- **agtergrondinligting** sodat jy die roman in konteks kan verstaan en die karakters vir jou lewe kry
- **aantekeninge en besprekings** van al die literêre terme in die kurrikulum sodat jy dit kan verstaan en in die eksamen kan toepas
- **illustrasies en beskrywings** wat die hoofkarakters kortliks beskryf en hersiening makliker maak
- **belangrike aanhalings** wat die verhaal verduidelik en in jou eksamenantwoorde gebruik kan word
- **voorbeeldvrae/hersiening** om vas te stel of jy die inhoud ken
- **voorbeelde van aktiwiteite** vir luister, praat, skryf en taal
- **'n glossarium** van vreemde woorde
- **'n glossarium** met verklarings vir literêre en eksamenterme vir vinnige naslaan

Vind ook die volgende addisionele hersieningsmateriaal by [www.uitgewer se naam anoniem.co.za]:

- **samevattings, opsommings en vrae** om elke afdeling van die roman te hersien

## 2. Kontekstualisering van *Skoenlapper* as roman

Terwyl poësie en drama al van die tyd van die Grieke af in skriftelike vorm gedy het, het die verhalende prosa eers heelwat later ontwikkel.

Die term "roman" ontwikkel in die twaalfde eeu uit die volkstaal Romaans en word gebruik om werke in Romaans van Latynse geskrifte te onderskei. In die dertiende eeu word die term gebruik vir avontuurlike vertellings totdat dit later algemeen gebruik word vir enige lang fiktiewe prosawerk. Die roman, as die belangrikste eksponent van die verhalende prosa, het in werklikheid maar eers in die afgelope paar eeu ontwikkel. Cervantes se *Don Quijote* (1605) word gewoonlik beskou as die eerste roman in die moderne sin van die woord (Smuts, 1998). Die roman as genre se gewildheid het toegeneem in die agtiende eeu, met die werke van Engelse skrywers soos Daniel Defoe, Samuel Richardson en Henry Fielding.

Die kernelemente van ’n roman is **karakters, tyd, ruimte** en **gebeure**. In elke roman figureer **karakters** wat aan **tyd en ruimte** gebonde is. Binne ’n bepaalde tyd en ruimte is daar iemand wat besig is om iets te doen of aan wie iets gedoen word. ’n Organisasie van die gebeure lei weer tot ’n verhaalplan of **intrige**.

*Skoenlapper* is ’n spanningsroman, ’n subgenre van die roman. Volgens Victor (2012), moet ’n spanningsverhaal aan dieselfde eienskappe voldoen as ander romans. Kyk gerus na die vyf basiese aspekte wat vir liefhebbers van spanningsverhale altyd leesplesier verseker:

- Goed ontwikkelde karakters met wie die leser kan identifiseer en wat enduit boei.
- ’n Soliede, geloofwaardige ruimte.
- ’n Vinnige tempo.
- Geweld wat geregverdig word deur die verhaal en nie bloot as skoktegniek of vir sensasie gebruik word nie.
- Die slim en vernuftige opbou van spanning regdeur die verhaal. (Geen goedkoop truuks nie; lesers wil verras word, nie gefnuik nie. As die einde onverwags en met ’n skop ontknoop, is dit ’n bonus.)

Al word spanningsromans as "ontspannings-" of "populêre" leesstof beskou (in teenstelling met "ernstige" letterkunde wat as kunswerke beskou word), kom daar dikwels in hierdie tipe romans sosiale kommentaar op probleme in ons hedendaagse samelewing voor. Deon Meyer se spanningsverhale lewer byvoorbeeld kommentaar oor kwessies soos wildstropery (*Onsigbaar*) en vigilante-teregstellings van misdadigers in Suid-Afrika (*Infanta*), terwyl Karin Brynard in *Plaasmoord* vrae oor grondbesit en misdaad op plase ondersoek. In *Skoenlapper* ondersoek die skrywer kwessies soos geweld teen vroue en die internasionale media se najaag van sensasie (rampspoedige

oorstromings in Tanzanië word eers voorbladnuus nadat 'n Amerikaanse IT-biljoenêr as gevolg daarvan sterf). Die hoofkarakters in *Skoenlapper* is ook nie stereotipiese helde en heldinne nie, maar mense wat beide goed en kwaad in hulle het. Ranna steek byvoorbeeld haar verlede vir Alex en die polisie weg en die leser moet self besluit of haar optrede reg is.

## 2.1. Biografie van die skrywer

Die skrywer is aan die Oos-Rand gebore, en het haar skoolloopbaan aan die Hoërskool Port Natal, in Durban, voltooi. Sy het kommunikasiekunde (joernalistiek en radio) en internasionale politiek op die NWU se Potchefstroomkampus studeer. Sy was ook die *Wapad*-studentekoerant se redakteur. Soos die hoofkarakter, Ranna, in ons roman, is die skrywer ook 'n joernalis en kry sy beslis haar inspirasie vir die skryf van *Skoenlapper* uit die wêreld van haar beroep. Die skrywer het al verskeie toekennings as joernalis ontvang, insluitend drie Pica-toekennings as handel- en nywerheidskrywer van die jaar, en een as die Afrika wetenskap- en tegnologiejoernalis van die jaar. Sy is tans verbonde aan 'n mediamaatskappy in Johannesburg. Reis is beslis die groot liefde in haar lewe – 'n passie. Ander gunstelinge is onder andere: sjokolade, Labradors, eg Suid-Afrikaanse produkte en mense wat moeite met koskook doen. Hierdie roman is in 2013 met die ATKV-prys vir spanningslektuur bekroon. Gaan kyk gerus na die skrywer se webwerf by [skakel verwyder t.w.v. anonimiteit] vir skakels na onderhoude en resensies.

## 2.2. Basiese kenmerke van die roman

Die kernelemente van 'n roman is **ruimte**, **tyd**, **karakters** en **gebeure**. In elke roman tree karakters op wat aan tyd en ruimte gebonde is. Binne 'n bepaalde tyd en ruimte is daar iemand wat besig is om iets te doen of aan wie iets gedoen word. 'n Organisasie van die gebeure lei tot 'n verhaalplan of **intrige**.

**Die verteller** is die persoon wat die verhaal vertel.

Die skrywer is nie die verteller nie; die skrywer gebruik die twee hoofkarakters om die verhaal te vertel. Alex en Ranna tree om die beurt as vertellers op. Hulle vertel die verhaal soos hulle dit self beleef, uit eie ervaring, en daarom is die **ek-verteller** hier geloofwaardig. Soms vertel Alex vanuit 'n agternaperspektief soos waar hy verwys na sy tyd as dosent in joernalistiek: *"Later sou ek die laaste, blyste foto op my lessenaar staanmaak."* (31) Hy gee nooit leidrade oor die skurk nie, wat die leser laat wonder of hy dan geen vermoede gehad het nie. Die leser se simpatie groei vir elk van die hoofkarakters in die dele waarvan hulle die vertellers is.

**Tydsverloop** is die tyd waarin die verhaal afspeel.

Die **verteltyd** is die aantal bladsye wat dit neem om die verhaal te vertel. Die storie van *Skoenlapper* word in 230 bladsye vertel. Die **vertelde tyd** is die tydperk of periode wat die verhaal dek. Dit sluit nie terugflitse in nie. Dit is moeilik om hierdie verhaal se tydsverloop te bepaal, omdat daar nie spesifieke verwysings na tyd is nie. Die verhaal begin waar Alex vir Ranna op die troue ontmoet (27) en eindig waar sy op die vliegtuig klim om Suid-Afrika te verlaat, 'n paar maande na hul ontmoeting. (233)

Die verhaal speel in die teenwoordige tyd af en word **chronologies** vertel. Die gebeure volg dus op mekaar. In die verloop van die gebeure word daar verwys na dinge uit die karakters se verlede deur dit wat hulle sê of dink. Dit word terugflitse genoem. Ranna dink*: Op ses was ek die langste in my klas. Teen matriek het net die eerste rugbyspan se slot hoër as ek gerank. Dit beteken ek kon nog altyd verder sien as die meeste vroue* . . . (118)

Voorbeelde van verwysings na tyd in die teks: Ranna se vriendin, Hadhi, verwys na Ranna as Miss America omdat haar Suid-Afrikaanse ma en Israeliese pa 15 jaar vantevore – voor die huidige tyd in Dar es Salaam – New York toe getrek het. (29) Op bl. 92 lees ons dat Ranna drie jaar vroeër nog bekend was as Isabel Baker.

Alex verwys na die "Februariehitte" buite (34). Hy het Ranna in Februarie van daardie jaar in Dar es Salaam ontmoet, waarskynlik nie lank na sy aankoms in Tanzanië nie.

**Die ruimte/milieu** is die plek waar of die agtergrond waarteen die verhaal afspeel of waarin die handelinge plaasvind. **Dar es Salaam**, waar die meeste gebeure plaasvind, beleef, net soos die res van Tanzanië, erge oorstromings tydens die grootste deel van die verhaal. Joernaliste van oor die wêreld is hier bymekaar om verslag te lewer oor die dood van 'n skatryk Amerikaner en, as bysaak, die natuurramp.

Die verhaal speel af in 'n werklike ruimte, hoofsaaklik in Tanzanië (lees die inligting oor die land by die prelees-aktiwiteite), en spesifiek in Dar es Salaam en omgewing. *En dan is daar hierdie plek in Tanzanië. Dis iewers tussen Arusha en Dar es Salaam, en dis nie regtig 'n plek met 'n naam nie*. (27)

Die aanhoudende reën en hoë humiditeit versterk die gevoel van neerdrukkendheid en negatiwiteit. *Water drup van my skoene en baadjie tot op die vloer. Dit is warm en bedompig* . . . (47) *Dit reën hard genoeg om Alex wakker te maak. Meer nog, dit herinner hom aan dinge wat hy lankal wou vergeet.* (43) Die stad *is 'n mengsel van nat grond, ongewaste lywe en vullis.* (59) *Al wat ek (Alex) hoor, is die eentonige reëlmaat van die reën op my baadjie, die druising daarvan oorverdowend binne die swart plastiekhoed.* (44) *Ranna druk haar hande dieper in haar natgereënde jeans se sakke en skuur verby die lywe wat die kroeg toe staan. Toe sy naderkom, kan ek sweet op haar lyf ruik. En iets anders. Iets bekends. Die metaalreuk van bloed.* (40) Alex kyk hoe *Ranna se lyf in die oop deur wegsypel tot niks in die warm, aanhoudende reën.* (42)

Ranna verwys in terugflitse in haar gedagtes ook na plekke in Amerika (San Francisco) en Frankryk (Parys) waar sy gebly het.

Aan die einde verskuif die ruimte na Suid-Afrika, na die plaas en omgewing van Vanrhynsdorp in Namakwaland. Alex se grootword-plek hou nie vir hom aangename herinneringe in nie: *Ek het een oggend wakker geword en ons huis in die vlakte duskant Vanrhynsdorp was omring met water. Vir 'n kind gewoond aan die dorre uitgestrektheid en 'n pa wat jou neuk met sy belt . . .* (43) Ranna sluit teen die einde van die verhaal op die plaas by Alex aan en die hoogtepunt en ontknoping vind hier plaas.

Die **karakters** is die mense wat in die verhaal optree.

'n Karakter is 'n persoon wat verantwoordelik is vir die gedagtes en gebeure in 'n verhaal. Karakterisering is hoe die karakter is en wat sy motiewe is. Elke karakter het sy/haar eie persoonlikheid wat die skrywer gebruik om die intrige van die verhaal te ontwikkel of om stemming oor te dra. Die houding, gedrag en selfs die voorkoms van die karakters kan as die boustene van die literêre werk gesien word wat ander elemente soos die tema, milieu en toon beïnvloed. Die karakters in *Skoenlapper* is:

- **Alex Derksen**, 'n Suid-Afrikaanse joernalis en **Ranna Abramson**, 'n Suid-Afrikaans gebore vryskut-fotograaf**,** is die **hoofkarakters**. Ons leer al die ander karakters deur hulle twee ken en beleef al die gebeure saam met hulle. Daar is:
- **Hadhi**, 'n vriendin by wie Ranna 'n woonplek huur
- **Maggie**, 'n kelnerin in Hardings
- **Tom Masterton**, 'n vryskut-joernalis en vriend van Ranna
- **Hasimi Bahame**, 'n Tanzaniese polisieman wat die moord ondersoek
- **Sarah Fourie**, 'n kuberkraker, wat Alex help om inligting oor Ranna te kry
- **Billy Jones**, die vermoorde IT-biljoenêr
- **Francois en Sophia Derksen**, Alex se ouers
- **Adjudant-offisier Boel de Jonghe**, wat die dood van die man op die spoor ondersoek

Die **wisselwerking** tussen ruimte en karakter is belangrik. Hoe sterker die karakter se belewing van ruimte en tyd, hoe **ronder** of meer dinamies is die karakter. Hoe minder die belewing van ruimte en tyd, hoe **platter** en meer staties is die karakter. Alex en Ranna is albei ronde karakters wat ontwikkel en deur tyd en ruimte gevorm word.

Ander karakters wat ook 'n rol speel, maar randfigure bly, is:

- **Dr. Julia Gomez**, die forensiese patoloog van die VSA
- **Jasmine**, Alex se redakteur in Suid-Afrika
- **Jaco Steyn**, die man met die wit pet, en 'n gereelde besoeker by Hardings
- **Jan Frederik Fouché**, wat die Polo op die plaas kom regmaak

- **Peter Fox** en **Gerard Roux**, Ranna se kêrels wat moontlik vermoor is
- **David**, Hadhi se seun en die bruidegom
- **Boel de Jonghe**, die laaste polisieman met wie Ranna paaie kruis. Hy ondersoek die saak rondom die lyk op die spoor.

Die **intrige** is die patroon van die gebeure wat in 'n spesifieke volgorde in die verhaal voorkom. Dit staan egter nooit los van ander elemente waaruit 'n literêre teks bestaan nie. Dit is 'n reeks gebeure wat die skrywer gebruik om die verhaal te vertel. Die gebeure bou op na 'n hoogtepunt en het gewoonlik 'n inleiding, 'n liggaam en 'n slot. Intrige is hoe gebeure aangebied en georganiseer word: opeenvolgende gebeure is afhanklik van mekaar om 'n bepaalde effek te bereik. Die basis van enige intrige is konflik. Die karakters word met 'n situasie gekonfrontreer wat teen die einde van die verhaal opgelos word.

Dit gaan hier om meer as die oplossing van 'n moord of Ranna se verlede wat dreig om haar weer eens in te haal; dis die verhouding tussen die twee hoofkarakters en die behoud van hul albei wat die leser jaag om klaar te lees. Dit gaan meer oor die opstapeling en onthulling van geheime en inligting.

Alex, 'n joernalis uit Suid-Afrika, en Ranna, 'n persfotograaf, ontmoet mekaar op die troue van die seun van haar Tanzaniese vriendin, Hadhi. Daar is onmiddellik 'n aantrekkingskrag tussen hulle twee en hulle leer mekaar beter ken. Ranna bly geheimsinnig en afsydig. Alex kom agter dat sy nie altyd die waarheid vir hom vertel nie. Hy vind uit dat sy al in baie liefdesverhoudings betrokke was. 'n Bekende Amerikaanse sakeman, Billy Jones, se lyk spoel op die strand uit, maar Ranna word 'n moordverdagte. Hier besef Alex dat hy nooit vir Ranna sal kan vertrou nie. Na die reën ophou en die vloede verby is, gaan Alex terug na Suid-Afrika. Na die moordondersoek afgehandel is, volg sy hom.

Die verhaal bereik sy **klimaks** – die mees intense oomblik – toe die moordenaar ook vir Ranna en Alex na sy ouers se plaas in Suid-Afrika agtervolg.

Ranna steek eindelik vir Tom dood en help Alex om van die lyk ontslae te raak. Hierdie gebeure noem ons die **afwikkeling**, want dit is die gebeure direk na die klimaks.

Die **ontknoping** – samevatting van al die los drade – vind in die Kaap tydens haar vakansie plaas. Sy besef sy en Alex sal weer ondervra word en hulle kan dalk verhoor word. Daarom besluit Ranna om Sarah se hulp te vra om haar uit die land te kry met 'n nuwe identiteit en paspoort. Sy begin 'n nuwe lewe.

**Konflik** kan uiterlik of innerlik wees.

**Uiterlike konflik** vind plaas tussen die hoofkarakter(s) en 'n ander karakter of tussen die hoofkarakter en sy omgewing of gemeenskap. **Innerlike konflik** gebeur in die gemoed van die hoofkarakter en is die spanning wat in 'n persoon geskep

word deur die botsing van begeertes, behoeftes, drange, vrese en onsekerheid. Omdat *Skoenlapper* as ’n spanningsroman gesien kan word, kan dit nie anders dat konflik teenwoordig is nie.

**Innerlik** worstel die twee hoofkarakters, Ranna en Alex, met hul kinderjare wat vol geweld, spanning en uiterlike konflik was. Dit is juis hierdie konflik wat hul optrede beïnvloed. Wantroue in die mensdom kom by albei voor. Die gevoel wat van die begin af tussen Ranna en Alex ontstaan, bring ook innerlike konflik aangesien sy so baie uit haar verlede met haar dra. Hierdie konflik bereik ’n hoogtepunt in Ranna wanneer sy besluit dit beter sal wees as sy die land en Alex verlaat.

**Uiterlik** raak Ranna in gevegte en woordewisselinge betrokke – omdat sy baie keer voel sy word deur mans misbruik. Wanneer Francois, Alex se pa, by haar aanlê en sy seun beledig, gaan sy hom te lyf nadat hy haar deur die gesig geklap het.

**Die tema(s)** is die sentrale idee(s) wat in die verhaal voorkom.

Daar kan meer as een tema wees. Die tema is nie dieselfde as die boodskap nie en kan universeel wees. Die tema(s) in *Skoenlapper* draai om die ewigdurende wegraak/vryheid van Ranna en die misterie wat om haar draai. Alex se lewe dui op chaos: hy is ’n mens wat hom altyd in chaotiese omstandighede bevind. Skrywers gebruik soms ’n verhaal om ’n lewensles of lewenswaarheid aan die leser oor te dra.

**Motiewe** is elemente wat deurgaans/herhalend voorkom en word gebruik om die tema te ondersteun.

Kyk na die paar motiewe wat hier aangedui word:

**Skoenlappermotief**

Reeds in die titel van die boek kry die leser ’n aanduiding dat die skoenlapper ’n belangrike rol speel. Ranna gaan neem foto’s van die skoenlappermigrasie wanneer duisende skoenlappers elke jaar wegvlieg na ’n warmer klimaat. (51) As Alex vir Ranna uiteindelik opspoor, (52) is sy besig om skoenlappers af te neem. In die verklaring van die titel en die motto (bl. 17 – 18), word daar ook verwys na dié motief. Ranna hou van skoenlappers, maar sy verlang na orde in haar chaotiese lewe, sy wil nie meer elke keer oppak en vlug nie. Sy wil nie meer soos die koningvlinders (115) wegtrek om te oorleef nie.

**Oog-/Lensmotief**

Dit kan nie anders om die oog-/lensmotief in die wêreld van ’n joernalis/fotograaf raak te sien nie. Alles moet waargeneem word – óf met die blote oog óf deur ’n kameralens.

**Joernalistiek**

Alex en Ranna ontmoet omdat hulle albei joernaliste is, hy die skrywer en sy die fotograaf van nuusstories. Joernaliste kom nie na Tanzanië om nuusdekking oor die vloede te doen nie, maar eintlik uit hul honger vir sensasie, veral na die dood van Billy Jones. Gereelde nuuskonferensies lig die media in oor die nood van mense en die noodsaaklikheid vir buitelandse hulp.

**Liefde en chaos-motief**

Alex raak verlief op Ranna *in minder tyd as wat dit neem om jou asem in te trek.* (27) Alex sien dit as 'n goeie ding dat hy haar op 'n troue ontmoet. (30) Hy het nog nooit aan Die Liefde (die een groot ware liefde) soos wat sy ouma dit genoem het, geglo nie (32), want sy pa het sy ma so geslaan dat sy nie kon loop nie. Dit kon nie liefde gewees het nie. Vir Alex was dit eerder chaos, iets wat hy van kleins af geleer het om te sien aankom. (32)

**Die stemming:** Die atmosfeer wat geskep word, bv. opgewek, gespanne of swaarmoedig.

Dwarsdeur die roman is die stemming/atmosfeer met spanning gevul. Dit is geheimsinnig, vyandig en weens die komplekse verhouding tussen Alex en Ranna, morbied. Wanneer emosies by die milieu aansluit, word dit atmosfeer. Ranna wil byvoorbeeld na Tom se dood nie gaan slaap nie, want sy dink aan die vrees en baie bloed in die studeerkamer waar sy moet slaap. Die atmosfeer in die studeerkamer is gespanne/vreesaanjaend. (205)

**Toon:** Die skrywer se houding teenoor sy lesers en die onderwerp (persoon of ding) wat hy aanspreek. Die skrywer kan formeel, informeel, speels, ironies, sarkasties, optimisties, pessimisties, ensovoorts wees. Die toon wat die skrywer in die eerste sinne gebruik, is baie belangrik. *As 'n mens chaos jaag, dan weet jy van geraas. Gemors. Skares. En van nêrens*. (27) Met hierdie beginsinne toon die skrywer 'n mate van pessimisme. Dit voorspel teenspoed en ongeluk.

**Styl:** *Skoenlapper* is treffend omdat die skrywer gebruik maak van kort, bondige sinne. Kort sinne bou spanning. Die taalgebruik is informeel en modern en pas by die karakters en genre. Lewendige beskrywings (soos van Dar) is effektief. 'n Vars, nuwe beskrywing van die liefde word gegee: (42).

**Ironie:**

**Verbale ironie**: Die karakter sê iets, maar bedoel eintlik die teenoorgestelde. Francois dreig Alex dat daar moeilikheid gaan wees as hy weer so met hom praat. Albei weet egter dat Alex sy pa 'n vorige keer reggesien het en nou loop hy met 'n letsel op sy skouer.

**Situasionele ironie**: Iets gebeur wat ons nie verwag nie. Alhoewel Alex op 'n plaas grootword, word hy 'n joernalis as gevolg van sy pa, 'n boer, se optrede. 'n Baie suksesvolle joernalis.

**Dramatiese ironie**: Die leser beskik oor inligting wat die karakters nie het nie. Die leser is bewus van die gebeure in die studeerkamer waar Tom, die moordenaar, by Ranna deur die venster geklim het. Alex hoor ook geluide, maar is nie bewus van die drama nie . . . tot hy die deur oopmaak.

**Spanning:** In *Skoenlapper* is die uitstel van inligting effektief en die slot is nie voorspelbaar nie. Dit verhoog die spanning effektief.

Ranna se geheimsinnigheid en onvoorspelbaarheid trek Alex aan. Speurder Hamisi (en Tom) weet meer van Ranna as Alex. Spanning word gebou deur die afwisseling van die twee eerstepersoonsvertellers: die leser klim eers in Alex se kop, dan in Ranna s'n. Dit gaan oor meer as die oplos van die moord, dit gaan oor die liefdesverhaal en wat die einde hiervan sal wees. Die spanningsverhaal en liefdesverhaal loop in een lyn.

Die vraag oor wie die persoon is wat vir Ranna die lewe hel maak, word feitlik tot op die einde gevra. Wie is die moordenaar van al die mans met wie sy in 'n verhouding is? Is daar 'n moontlikheid dat Alex ook vermoor gaan word? Na die moordenaar op die plaas opdaag en self vermoor word, begin die **afloop** van die verhaal en eindig die gebeure waar Ranna besluit om 'n nuwe begin te maak.

**Skrywer se intensie:** Die skrywer wys op die soeke na regverdigheid teenoor onreg; orde teenoor chaos. Dit is waaroor dit in die lewe gaan. Veral die hoofkarakter, Ranna, moet nog die werking van die lewe leer verstaan. Alhoewel die slot onregverdig mag voorkom, is daar regverdigheid aan verbonde aan die feit dat Ranna eindelik soos 'n skoenlapper weer vry is.

## 2.3. Opsomming van die inhoud

*Skoenlapper* is 'n spannings- en liefdesverhaal wat na 2010 in Dar es Salaam, die hoofstad van Tanzanië, afspeel. Die karakters gebruik die verkorte naam, "Dar", wanneer hulle van die stad praat.

Alex en Ranna ontmoet op die troue van Hadhi se seun, David. Daar is onmiddellik 'n aantrekkingskrag tussen joernalis en fotograaf. Hy raak verlief op haar in *minder tyd as wat dit neem om jou asem in te trek*. Alex, die joernalis, trek altyd chaos na hom aan en hy kry ook met hul ontmoeting die gevoel dat chaos hom weer eens bereik het. Ranna kom speels, tog ontwykend, voor. Sy verskyn in die restaurant met 'n meswond in haar arm en wil glad nie daaroor praat nie. Vriende waarsku Alex om weg te bly van

hierdie gevaarlike vrou, maar Alex en Ranna raak verlief op mekaar terwyl hulle saam verslag doen oor die rampe en ellendes van 'n land in die hart van Afrika.

Dar es Salaam, waar die meeste gebeure plaasvind, beleef, net soos die res van Tanzanië, erge oorstromings tydens die grootste deel van die verhaal. Joernaliste van oor die wêreld is hier bymekaar om verslag te lewer – ook oor die hulpverlening wat plaasvind. Ranna en Alex probeer saam om die groot vloed in Tanzanië op die wêreld se voorblaaie te kry en hul geluk draai toe Billy Jones, 'n IT-biljoenêr, se huis ineenstort en sy lyk op die strand uitspoel. Dit is toevallig dat Ranna op die lyk afkom en sien dat sy vingers afgesny is. Hamisi Bahame is die polisieman wat die moordenaar moet opspoor. Alex vind uit dat Ranna 'n skuilnaam het en dat sy tot drie jaar gelede nog Isabel Baker was. Sy is ook vroeër ondervra vir die moord op twee van haar kêrels. Sy is nie eerlik oor haar verhouding met Billy Jones nie. Omdat Alex nie weet of hy Ranna kan vertrou nie, vra hy vir 'n oorplasing en keer terug na Suid-Afrika. Hy kuier vir die eerste twee weke by sy ma op die plaas. Dit is hier waar die verhaal sy hoogtepunt bereik. Ranna kom op die plaas aan en waarsku Alex dat die moordenaar haar dalk kan agtervolg. Tom daag daar op en Ranna maak hom dood in selfverdediging. Ranna besluit sy moet ter wille van haar en Alex se vryheid die blaam vir Tom se dood op haarself neem en landuit vlug.

## 2.4. Prelees-aktiwiteite

Voor jy *Skoenlapper* lees, sal dit goed wees as jy meer oor die agtergrond daarvan weet. Die leesproses bestaan uit drie stappe: prelees, tydens lees en postlees. Prelees-aktiwiteite help jou om die inhoud beter te verstaan.

**Prelees-aktiwiteit 1: Kyk eers na die buiteblad/boekomslag voordat jy die boek oopmaak**

**Voorblad**

Die inligting op die voorblad van die boek is belangrik. Gesels met jou klasmaats oor wat jy op die voorblad sien, voordat jy nog 'n woord van die teks gelees het:

- Watter atmosfeer word hier uitgebeeld?
- Dink aan woorde wat die landskap beskryf.
- Kyk na die figuur in die voorgrond en bespreek dit.
- Hoe is die titel gedruk? Hoekom juis so?
- Watter voorspelling oor die inhoud kan jy aflei uit die subtitel?

**Agterblad**

Op *Skoenlapper* se agterblad is daar meer inligting oor die inhoud.

- Watter illustrasie is daar?
- Wat sê Karin Brynard in haar resensie oor die boek?

- Daar is ook 'n kort opsomming van die verhaal. Watter woorde laat jou dink dat hierdie 'n spanningsverhaal kan wees?

**Prelees-aktiwiteit 2: Verstaan die titel**



"Skoenlapper" verwys waarskynlik na die *African Caper White B. aurota* wat ook in die Arusha-streek in Tanzanië voorkom. *Koningvlinders migreer elke jaar meer as drieduisend kilometers om die winter te oorleef. Instink dryf hulle tot by die plek waar hulle moet wees. Waar dit warm is*. (115) Die larwes het 'n reuse-impak op die plante waarop hulle leef en 'n skool skoenlappers kan groot areas van 'n landskap ontblaar. Alex is angstig om te weet waar Ranna is en hoor by Tom dat sy moontlik gaan kyk het na die migrasie van die skoenlappers. *Sy't iets van 'n skoenlappermigrasie gesê. Probeer die pad Korogwe toe*. (51) Alex ry meer as twee uur voor hy die eerste vlinders teëkom. 'n *Paar kilometer verder word die enkele wit skoenlappers bondels fladderende insekte wat alles om hulle blindelings ignoreer en agter hulle instink aanneuk.* (52) Aan die einde van die verhaal kan die leser 'n verband trek tussen Ranna en die skoenlappers. Is sy nie maar ook net 'n skoenlapper wat migreer en alles blindelings om haar ignoreer nie? Of verorber sy dalk dinge wat in haar pad kom?

**Prelees-aktiwiteit 3: Die motto voor in die boek**

Jou skool het seker 'n leuse wat 'n beginsel of motivering bevat, dalk iets soos "Alleen ons beste". 'n Motto is ook 'n tipe leuse, 'n kernagtige uitdrukking wat die gees of bedoeling van iets aandui (HAT, 2000). In *Skoenlapper* is die motto 'n aanhaling van 'n bekende Chinese filosoof wat baie jare gelede geleef het en wat vir die leser die kern van die teks vasvang.

*She who wants to have right without wrong, order without disorder, does not*
*understand the principles of heaven and earth. She does not know how*
*things hang together.*

Chuang Tzu

'n Vrye Afrikaanse vertaling hiervan is:

Sy wat regverdigheid sonder onreg verlang, wit sonder swart, wat orde
sonder wanorde wil hê, verstaan nie die beginsels van hemel en aarde nie.
Sy verstaan nie die werking van die lewe nie.

Tzu se "The Butterfly Dream" is een van die drome wat wêreldwyd die meeste opgeteken is. Chuang Tzu het gedroom dat hy 'n skoenlapper is, een wat rondvlieg en die lewe geniet. Die skoenlapper het nie geweet dat hy Chuang Tzu is nie. Skielik het hy wakker geword en toe is hy maar net weer Chuang Tzu. Chuang Tzu was nie seker of dit hy was wat gedroom het hy is 'n skoenlapper nie, en of dit die skoenlapper was wat gedroom het hy is Chuang Tzu nie. Daar moet 'n verskil wees tussen Chuang Tzu en die skoenlapper. Dit is die transformasie van dinge.

'n Belangrike aspek van die aanhaling is ook dat die lewe nie swart of wit is nie, en dat onreg en geregtigheid dikwels bure is, nes chaos en orde. Die wêreld is 'n regverdige, maar ook 'n onregverdige plek, gevul met chaos en onreg, waar geregtigheid nie noodwendig altyd seëvier nie.

Die karakters in *Skoenlapper* is nie een net goed of net sleg nie. Hulle doen soms goed wat uit een opsig reg, maar uit 'n ander verkeerd lyk. Ranna steek byvoorbeeld haar verlede weg en skuil eerder van die polisie as om haarself oor te gee. Alex help haar omdat hy vir haar omgee en glo sy is onskuldig. Die joernaliste in Dar-es-Salaam skryf eerder oor die dood van 'n Amerikaanse IT-miljoenêr as oor die gewone mense wat in die vloedramp ly, omdat hulle weet dat sensasie oor 'n bekende persoon meer koerante verkoop. In die proses lig hulle wel die wêreld in oor die vloedramp, so hulle aksies is albei goed en sleg.


**Prelees-aktiwiteit 4: Meer oor die ruimte waar die verhaal afspeel**

Tanzanië as **ruimte** speel 'n belangrike rol in die roman. As jy die **ruimte** waarin die roman afspeel verstaan, sal jy ook die intrige beter kan volg. Die Republiek van Tanzanië is geleë aan die ooskus van Afrika en word begrens deur Kenia en Uganda in die noorde, Burundi en die Demokratiese Republiek van die Kongo in die weste en Zambië, Malawi en Mosambiek in die suide. Die Indiese Oseaan vorm die oosgrens. Afrika se hoogste berg, Kilimanjaro, lê in die noordooste van die land. Meer na die noorde en die weste van die land is die Groot Mere-gebied met die Victoria- en Tanganjika-mere, onderskeidelik Afrika se grootste en diepste mere. Die ooskus is warm met 'n hoë humiditeit. Zanzibar is die naam vir twee eilande: Oengoeja en Pemba. Dar es Salaam is die hawe- en hoofstad van Tanzanië. Tanzanië se ligging by die ewenaar sorg vir 'n gemiddelde jaarlikse temperatuur van 32°C, met 'n baie warm, vogtige seisoen tussen November en Februarie en 'n hoë reënvalsyfer. In Maart tot Mei val die lang reën, die Masika, en van Oktober tot Desember die kort reën of Vuli.

Kyk na die kaarte hieronder: jy sal plekke in die verhaal hier raaklees.




Tanzanië in Afrika




Geografiese besonderhede van Tanzanië



Straatkaart van Dar es Salaam

# LEESGIDS: SKOENLAPPER

## INHOUD

1. Assessering 237
1.1 Riglyne vir die beantwoording van kontekstuele vrae 237
1.2 Kontekstuele vrae 238
1.3 Opstelvrae 241
1.4 Postlees-verrykingsaktiwiteite 243

2. Kontrolelys vir die leerder 245

3. Glossarium van literêre begrippe 247

4. Bibliografie 249

5. Moontlike antwoorde 250
5.1 Moontlike antwoorde vir kontekstuele vrae 250
5.2 Moontlike antwoorde vir opstelvrae 252

# 1. Assessering

Die roman word vier keer in jou Graad 12-jaar formeel geassesseer:
- Kwartaal 2: Taak 7
- Kwartaal 2: Taak 8 Halfjaareksamen – Vraestel 2 – Letterkunde
- Kwartaal 3: Taak 10 Voorbereidende eksamen – Vraestel 2 – Letterkunde
- Kwartaal 4: Eindeksamen – Vraestel 2 – Letterkunde

## 1.1. Riglyne vir die beantwoording van kontekstuele vrae

Jy moet 'n kontekstuele vraag oor die roman kan beantwoord. Dit beteken dat jy 'n gedeelte of gedeeltes van die teks van *Skoenlapper* op die vraestel kry, saam met vrae oor die teks(te).

**Wenke by die beantwoording van kontekstuele vrae:**
- Jy moet vrae kan beantwoord oor die uittreksel self, maar ook oor aspekte uit die res van die roman wat verband hou met die uittreksel.
- Jy moet die inhoud van die verhaal goed ken.
- Vluglees die uittreksel en maak seker dat jy weet waar in die roman die uittreksel pas. Wat gebeur net voor en net na die uittreksel?
- Lees die uittreksel weer.
- Lees nou die vrae deur en onderstreep of omkring die opdragwoorde in die vrae, bv. *bespreek, verklaar, motiveer, vergelyk …*
- Daar sal altyd vrae wees wat jou mening oor iets of jou reaksie op die teks toets. Kyk uit vir opdragwoorde soos "dink jy", "bespreek jou mening", "wat suggereer", "is dit 'n feit of 'n mening" OF "kan jy identifiseer met", "skryf 'n nuwe slot", "wat is die skrywer se bedoeling", "lewer kommentaar" . . .
- By sulke vrae moet jy mooi dink en in jou eie woorde jou mening gee. Jy kan verwysings uit die teks gee as motivering.
- Omkring ook die puntetoekenning by elke vraag. Die punt gee 'n aanduiding van hoeveel jy moet skryf:

  *1 punt:* *net 'n woord of 'n sinsdeel*
  *2 punte:* *gewoonlik 'n antwoord plus 'n bewys of verduideliking of twee redes, of 'n ja of nee met 'n motivering*
  *3 punte:* *drie verskillende redes of feite*
  *4 punte:* *gewoonlik 'n paragraaf*
- 'n Waar-of-Onwaarvraag: Skryf eers *Waar* of *Onwaar*. Skryf dan die rede. Kyk wat die vraag vra: 'n aanhaling of 'n motivering in jou eie woorde.
- Wanneer jy woorde uit die uittreksel aanhaal, moet dit tussen aanhalingstekens kom.
- Lees wat die vraag vra, bv. *Skryf vier agtereenvolgende woorde neer,* beteken die vier woorde moet langs mekaar in die teks staan.
- Laat 'n reël oop na elke vraag.
- Proeflees jou antwoorde.
- Lees ook die vrae en maak seker jy het beantwoord wat gevra is.

## 1.2 Kontekstuele vrae

**Pas nou die wenke toe op die volgende kontekstuele vrae.**

**Vraag 1**

Lees **Uittreksel A** hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 Regs van ons maal ’n klompie joernaliste rond. Die meeste van hulle is van die plaaslike media. Ek is
2 hier omdat daar vandag letterlik niks beters te doen is nie. Niks groter en beter nie. Joernalistiek
3 verstaan – bo alles – die waarde van die vergrotende trap.
4 Ek ruik haar voor ek haar sien. Die effense geur van suurlemoen en wat ek vermoed Kubaanse sigare
5 is, dieselfde reuk as gisteraand, laat die hare in my nek orent staan. Haar lang blou romp gons met
6 statiese elektrisiteit soos sy met lui treë naderloop.
7 Uiteindelik stop Ranna se swart Doc Martens voor ons.
8 “Julle klink soos twee ou mans,” terg sy. “Ek kan nie glo julle het gedink hulle gaan betyds begin nie.”
9 Ek waai hallo. “Ek was optimisties, ja. Hoe laat het jy opgestaan?”
10 Sy glimlag, haar oë blink. Daar is geen teken van gisteraand se gekuier in haar lyf nie. “’n Uur gelede.
11 Jy sal gou leer.”
12 Tom swaai sy pen in haar rigting. “Dis in elk geval nie asof jy ooit slaap nie.”
13 “Los my slaapgewoontes uit.”
14 Sy kom sit langs my. Leun agter my verby en vryf oor die Engelsman se yl hare. “Jy raak lui.
15 Toe jy hier aangekom het, het jy jou kop elke week geskeer.”
16 Hy draai onder haar hand uit. “En voor jy hier aangekom het, was jy amper verloof.
17 En kyk wat het met jou gebeur.”
18 “Verloof?” Die woord ontsnap voor ek dit kan keer.
19 Ranna se mond word ’n dun lyn. “Dit was lank gelede. En dis niemand se besigheid nie.”
20 Tom lag en draai na my. “Ek het vergeet. Ranna praat nooit uit haar slaapkamer nie.”
21 “Het jy dalk met die verkeerde voet uit jou leë bed opgestaan?” Haar woorde is lig, maar haar stem is
22 ys.
23 Tom ruk sy skouers verontwaardig terug, maar voor hy kan antwoord, swaai die swaar houtdeure voor
24 ons oop. Meteens kry die lugversorger ook lewe. Die minister en sy gevolg neem hulle plekke in.
25 Hy praat ’n halfuur lank, maar ek sukkel om te konsentreer.
*26 Amper verloof.*
27 Wat het ek verwag? ’n Vrou soos Ranna sal ’n geskiedenis hê. En wie sê sy het nie reeds iemand in haar
28 lewe nie? Ek het nog geen moeite gedoen om uit te vind nie. Toegegee, dalk wil ek nie die antwoord
29 weet nie.

***(Uittreksel A: uit bl. 38-39)***

1.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – C) van die antwoord neer:
Die ruimte waar hierdie gesprek plaasvind, is
A die kroeg, Hardings
B die konferensiesaal in die hotel
C die nuuskantoor by die koerant (1)

1.2 Reël 4: Alex se reuksintuig bevestig 'n reuk van die vorige aand. Wat is die reuk en hoekom sou dit sy hare in sy nek orent laat staan? (2)

1.3 Reël 6: Gee jou mening hoekom Ranna met "lui treë" aangestap kom? (1)

1.4.1 Reël 9: Waaroor was Alex optimisties? (1)
1.4.2 Reël 8: Wie is die "hulle" na wie Ranna in die vorige spreekbeurt verwys? (1)

1.5.1 Hoekom is Alex so ontsteld om te hoor dat Ranna amper verloof was? (Reël 18) (1)
1.5.2 Haal woorde aan wat wys dat Ranna ontsteld is oor wat Tom gesê het. (1)
1.5.3 Watter beeldspraak word in dié aanhaling aangetref? (1)

1.6.1 Wat is Tom se verbintenis met Ranna? (1)
1.6.2 Watter bewys is daar in hierdie uittreksel dat Tom en Ranna mekaar goed ken? (1)

1.7.1 Tom verwys na Ranna se slaapgewoontes. (Reël 20). Hoe kan die leser Tom se stelling dat Ranna nooit uit haar slaapkamer praat nie, negatief interpreteer? (1)
1.7.2 Neem jou kennis van die hele verhaal in ag en verduidelik wat die rede is dat sy so min slaap. (1)
1.7.3 Gee twee redes hoekom Ranna elke keer as sy trek al haar boeke saamneem? (2)

1.8 Reël 27: Wat dink jy word bedoel met: "'n Vrou soos Ranna sal 'n geskiedenis hê."? (1)

1.9 Reël 22: Lewer kommentaar op wat jy dink Ranna eintlik bedoel met haar vraag aan Tom, asook op die manier waarop sy hom antwoord. (2)

**EN**

Lees **Uittreksel B** en beantwoord die vrae

1 "Wat is dit?" Ek hardloop nader, spring oor die rotse tot ek uitasem langs haar staan.
2 Ek trek my asem hard in. "Wat de hel . . .?"
3 Sy sê niks nie.
4 Ek kyk van die dooie man na haar. Sy hou die stukkende, bleek lyf voor haar voete met 'n vreemde uit-

5 drukking dop. Uiteindelik plaas ek die emosie: Sy wens sy het haar kamera by haar gehad. Maar
6 vandag, omdat sy nie lus was om dit te dra nie, lê dit in die Land Rover, en dié staan 'n goeie kilometer
7 weg.
8 Eers baie later sou ek besef dit was nie haar kamera wat sy gesoek het nie, maar 'n agterdeur.
9 'n Wegkomkans.
10 "Help my," sê ek.
11 "Hoekom? Daar is niks om te sien nie." Sy kyk na my asof ek onnosel is. "Die helfte van hom is …weg."
12 Ek ignoreer haar. Sukkel met die man se bonkige lyf. Ek sê dit nie, maar ek wil hom omdraai om te sien
13 wie dit is. Dalk ken ons hom.
14 Langs my begin Ranna versigtig wegskuif, maar die sand suig aan haar stewels vas, asof dit haar daar
15 wil hou. Daar is iets soos hartseer op haar gesig.
16 My oë skiet van haar na die man. "Ken jy hom?"
17 Sy knik haar kop stadig, haar gesig uitdrukkingloos. "Ek weet nie. Miskien. Dis moeilik om te sê. Ek
18 dink ek het eenmaal sy foto vir *Time* geneem."
19 "*Time?"* Dit beteken dis iemand bekends.
20 Ek kyk weer na die man voor my. Miskien … Kan dit wees? Onmoontlik.

***(Uittreksel B: uit bl. 67–68)***

| | | |
|---|---|---|
| 1.10 | Ranna het 'n vreemde uitdrukking op haar gesig toe hulle op die lyk afkom. | |
| 1.10.1 | Watter ware emosie het sy volgens Alex beleef? | (1) |
| 1.10.2 | Hoekom dink jy het sy op daardie oomblik so gevoel? | (1) |
| 1.11.1 | Skryf twee woorde uit reëls 8-9 neer wat verband hou met mekaar. | (2) |
| 1.11.2 | Verduidelik in jou eie woorde wat die verband tussen die woorde is. | (1) |
| 1.12 | Het jy simpatie met Ranna in hierdie situasie as jy na die verhaal in sy geheel kyk? Sê Ja of Nee en motiveer jou antwoord in twee redes. | (2) |
| 1.13 | Ranna se reaksie toe hulle op die lyk afkom, was vir Alex vreemd. Hoe verskil die werklike rede vir haar reaksie van Alex se eie verklaring daarvoor? | (2) |
| 1.14 | Verklaar Alex se gedagtes (*Kan dit wees*?) in reël 20. Gee twee moontlike opsies. | (2) |
| 1.15 | Wat was, verder aan in hierdie hoofstuk, vir Alex ironies omtrent Ranna, die fotograaf, se blyplek? | (1) |
| 1.16 | Ranna is duidelik ontsteld oor die ontdekking van die lyk. Skryf die inskrywing wat Ranna dié aand in haar dagboek maak waarin sy verwys na die identiteit van die lyk, asook haar emosie daaroor. | (2) |

**EN**

Lees **Uittreksel C** en beantwoord die vrae

> Die motto
> ***"She who wants to have right without wrong, order without disorder, does not understand the principles of heaven and earth. She does not know how things hang together."***
> ***Chuang Tzu***
>
> 'n Vrye Afrikaanse vertaling hiervan is:
> **Sy wat regverdigheid sonder onreg verlang, wit sonder swart, wat orde sonder wanorde wil hê, verstaan nie die beginsels van hemel en aarde nie. Sy verstaan nie die werking van die lewe nie.**

| | | |
|---|---|---|
| 1.17.1 | Dink jy Ranna as hoofkarakter kan verbind word met die titel van die roman. Verduidelik. | (1) |
| 1.17.2 | Watter les het jy, met verwysing na die motto, in hierdie roman geleer? Motiveer. | (2) |
| | | **Totaal: 35** |

## 1.3 Opstelvrae

> **Opstelvraag 1**
> ***Ranna trek die liefde aan, maar haar verhoudings met die mans is nie normale liefdesverhoudings nie. Bespreek hierdie stelling in 'n literêre opstel van hoogstens 400 woorde deur te verwys na haar verhoudings met Tom, Billy Jones en Alex. Gee ook jou gemotiveerde mening of haar verhouding met Alex teen die einde in 'n ware, normale liefdesverhouding uitloop.***

**Wenke by die beantwoording van opstelvrae**

**A. Lees die vraag versigtig:**

Lees die onderwerp 'n paar maal deur sodat jy doodseker is wat die eksaminator van jou verwag.

Onderstreep die kernwoorde wat sê wat jy moet bespreek/verduidelik. Bv. (*Ranna / mans / nie normale liefdesverhoudings nie / gemotiveerde mening / 400 woorde*

Breek die vraag in dele op: dit gee vir jou die paragraafindeling.

Verhouding met Tom + verhouding met Billy + verhouding met Alex


Jy kan dit so voorstel:

***Skryf eers die opdrag in jou eie woorde neer***:

Bespreek Ranna se abnormale liefdesverhoudings met drie mans:

**A. Inleiding**

**B. Liggaam**




**C. Jou mening**

**D. Slot**

**B. Beplan jou opstel:**

Sorg vir struktuur soos hierbo: Inleiding, liggaam in paragrawe (‘n afdeling per paragraaf) en ’n slot.

Maak ’n lys van die feite wat jy in jou opstel wil gebruik. Om jou te help om die feite bymekaar te kry, kan jy vir jouself die volgende vrae vra: **wie, wat, waar, wanneer, hoe, ens.**

⇨ Kyk weer na die onderwerp en dink byvoorbeeld aan vrae soos:

Wie was Tom/Billy/Alex?

Wat was Ranna se verbintenis met elkeen van hulle?

Waar het sy hulle leer ken of met hulle te doen gehad?

Wanneer het hulle in haar lewe ’n rol gespeel?

Hoe was haar verhouding met elk van hulle en hoekom was dit nie normaal nie?

Hoe het elke verhouding begin en geëindig?

Skryf op jou beplanningsraamwerk sleutelwoorde neer oor die karakters en hul verhouding met Ranna.

Jou antwoord moet bewys dat jy insig toon; moet dus <u>nie die storie oorvertel nie</u>.

Jou inleiding moet reeds jou standpunt/argument omskryf.

Beplan ook die slotparagraaf.

Die slot volg in die laaste paragraaf: Som jou gevolgtrekking in een of twee sinne op.

**C. Skryf jou opstel:**

Moenie **paragraafopskrifte** gebruik nie. Dit wat in die raamwerk staan, is net om jou te help met jou beplanning en jou opstel struktuur te gee.

Skryf ’n kort **inleiding** gerig op dit wat jy gaan bespreek. Jy kan ook net die vraag omskryf, bv.

⇨ *Ranna se verhoudings met drie van die mans in Skoenlapper is nie normale liefdesverhoudings nie.*

Rangskik/orden die inhoud (liggaam) van jou opstel in logiese volgorde en bied dit in volsinne in paragrawe aan.

Gebruik die **PVI-metode** om ’n gemotiveerde stelling te maak:

**P** – **P**unt

**V** – **V**erduidelik

**I** - **I**llustreer/voorbeeld

Jy kan dit so in ’n sin bymekaar sit:

................................................ (**punt**), omdat/want .............................................................
.......... (**verduidelik**), bv.............................................  .......(**illustrasie/voorbeeld**)

Bv. *Ranna is 'n gevaar vir die mans wat haar liefkry of met wie sy in 'n verhouding is, (**punt**) want hulle lewens word bedreig (**verduideliking**), bv. Billy Jones is vermoedelik vermoor nadat hy vir drie maande in 'n verhouding met haar was. (**illustreer/voorbeeld**)*

Gee jou **gemotiveerde mening** in 'n aparte paragraaf**.** Begin met Ja of Nee en gee dan jou mening met 'n bewys uit die inhoud van die roman.
Vermy lang beskrywings en hou jou feite en sinne so **kort** as moontlik.
Bly gefokus op jou hoofargument(e) en moenie van jou punt afdwaal nie.
**Aanhalings** kan jou help om die punt wat jy wil maak, te motiveer. Direkte aanhalings kom tussen aanhalingstekens. Dit is makliker om 'n voorbeeld uit die teks te omskryf in die indirekte rede of in jou eie woorde.

**D. Redigeer en proeflees jou opstel:**
Lees weer jou opstel en maak seker dat jy:
nie van jou punt afgedwaal het nie
jou argumente gemotiveer het
nie informele taal, sleng of afkortings gebruik het nie
die karakters en plekke se name reg gespel het
die opstel binne die vereiste lengte is en dat jy die aantal woorde aangedui het.

**Doen nou die volgende opstelvraag soos hierbo.**

**Opstelvraag 2:**
***"Alex het 'n teorie oor chaos. Waar hy gaan, volg dit hom." Bespreek hierdie stelling in 'n literêre opstel van hoogstens 400 woorde deur te verwys na sy jeugjare, sy beroep en Ranna se teenwoordigheid in sy lewe. Gee ook jou gemotiveerde mening of hy uiteindelik die chaos oorwin.***

## 1.4 Postlees-verrykingsaktiwiteite

1. Pas die aanhalings by die spreker/situasie
2. Voltooi die paragraaf met die woorde wat verskaf word
3. Taal in konteks (uit die leesteks)
4. Voorstelle vir praat, luister, lees, skryf

**Voorstelle vir aktiwiteite**

| | |
|---|---|
| PRAAT<br>(3-4 minute) | • Kyk weer saam met jou maat na die boek se voorblad. Sou hierdie voorblad jou die boek in die boekwinkel laat optel het? Watter grafika/illustrasie sou vir julle as Graad 12-leerders die boek laat uitstaan het?<br>• Rolspel een van die volgende dialoë:<br>tussen Alex en Hamisi (90–92)<br>tussen Ranna en Alex op pad huis toe (37) Skep jul eie dialoog.<br>• Voer 'n onderhoud met die minister oor die vloedskade. (88)<br>• Stel tydens die mediakonferensie die minister aan die gehoor bekend.<br>• Hou 'n klasbespreking: Watter soort chaos kan 'n leerder in graad 12 ervaar? |

| | |
|---|---|
| LUISTER | • Luister na die teks wat jou onderwyser vir jou lees. Oefen om kort aantekeninge te maak.<br>Teks: 66–67<br>Teks: 88–89 |
| LEES | • Soeklees vir aanhalings oor "Boeke" op die volgende bladsye: 47, 62, 119.<br>• Skryf die aanhalings neer. |
| SKRYF | • Skryf 'n huldeblyk vir Billy Jones vir die koerant. (120–150 woorde)<br>• Stel 'n strooibiljet saam, met versoeke om hulp vir die mense in vloedgeteisterde gebiede (80–100 woorde)<br>• Skryf Ranna se laaste brief aan Alex, dié een wat sy hom op bl. 233 los. (120–150 woorde)<br>• Skryf jou resensie oor *Skoenlapper* in 120–150 woorde. |
| TAAL | Doen die taalvrae uit die teks op bl. 52–53. |

**Taalvrae (leesteks: bl. 40 – 41)**

1. Verskaf die teenoorgestelde rigting van "noord".
2. Twee uur en tweeuur. Verduidelik die verskil in die gebruik van die twee spelvorme.
3. Skryf die versamelnaam vir skoenlappers wat in die eerste paragraaf gebruik word, neer.
4. Haal 'n woord met 'n negatiewe konnotasie uit hierdie paragraaf aan.
5. Verduidelik hoe Alex "met sy oë jag".
6. Skryf die volgende sin in die positiewe vorm (haal die "nie" uit): Maar ek sien niks nie.
7. Kies die korrekte woord tussen hakies:

7.1 Die pad (lei, ly, lui) Alex tot by Ranna se viertrek onder die boom.
7.2 Ranna (lei, ly, lui) aan hoogtevrees.
7.3 Haar telefoon (lei, ly, lui) drieuur in die nag.

8. Skryf twee vergelykings uit hierdie twee bladsye neer.
9. Skryf die volgende sin in die indirekte rede: "Kan ek nou maar beweeg?" vra Alex uiteindelik. Begin jou antwoord so: Alex vra uiteindelik . . .
10. Skryf die volgende sin in die lydende vorm: 'n Muskiet het my gebyt.
11. Skryf die basisvorm/stam van die volgende woord neer: ongeduldige
12. Skryf 'n voorbeeld van klanknabootsing op bl. 53 neer.
13. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

13.1 Ek plak 'n pleister op my (stukkend) vinger.
13.2 Die (fladder) insekte vlieg agter hul instink aan.

14. Skryf die sin in die verlede tyd: Daar is bloed aan die handvatsel.
15. Is die volgende sin figuurlik of letterlik gebruik: "Verligting spoel deur my soos koel water." Verduidelik.

**Vul die ontbrekende woorde in: (***Uit die teks as geheel)*
Maak gebruik van die woorde/frases in die blok en voltooi die volgende:

Alex hoor by 1 (…….) dat daar al heelwat mans in Ranna se lewe was. Sy was aan 2 (….) verloof en in verhouding met 3 (….). Sy kuier gereeld in 4 (…..) waar 5 (….) gereeld met sy wit pet haar sit en dophou. Hierdie inligting laat Alex besef hy kan haar nie 6 (….) nie. Na elke man in haar lewe 7 (….) word, kry sy in die middel van die nag 'n 8 (….) Dan hoor sy net die woorde 9 (….) Billy het dikwels vir haar geld gegee om 10 (…….). Sy vertel nie vir Alex van die begin af die waarheid nie, want 11 (…...) Na al hierdie inligting bel hy 12 (…..) en sê dat hy terugkom 13 (……) toe. Hy het 'n oorplasing na 14 (……) toe gekry. Voor hy begin werk, wil hy op die plaas naby 15 (…….) gaan rus.

| | | |
|---|---|---|
| **"jy verdien hulle nie"** | **Vanrhynsdorp** | **Suid-Afrika** |
| **Gerard** | **Johannesburg** | **Peter** |
| **Tom** | **'n nuwe lewe te begin** | **vermoor** |
| **Hardings** | **Jaco Steyn** | **oproep** |
| **vertrou** | **sy ma** | **sy is bang sy verloor hom** |

## 2. Kontrolelys vir leerder

| **Kan jy die volgende kontrolelys voltooi?** | | | |
|---|---|---|---|
| **Hoofkenmerke en literêre begrippe**<br>Verstaan ek die begrip? | **Ja** | **Nee** | **Taamlik** |
| **Soort verteller**<br>'n Ek-/eerstepersoonsverteller of 'n derdepersoonsverteller? | | | |
| **Intrige of plot**<br>Wat gebeur in die verhaal? | | | |
| **Konflik of botsing**<br>Uiterlik (tussen die hoofkarakter en 'n ander karakter of teen die stelsel of die gemeenskap)<br>Innerlik (in die gemoed van die hoofkarakter, bv. die twyfel voor 'n besluit) | | | |
| **Karakters**<br>Word uitgebeeld deur karakters se optrede en dialoog, wat ander oor hulle sê en wat hulle oor hulself sê | | | |
| **Karakterontwikkeling**<br>Verskil die hoofkarakter aan die einde van die soort persoon wat hy aan die begin was en wat het daartoe gelei?<br>Ronde en plat karakters | | | |

| | Ja | Nee | Taamlik |
|---|---|---|---|
| **Agtergrond/milieu/ruimte**<br>Watter invloed het dit op die karakters? | | | |
| Is daar ’n kontras tussen twee verskillende soorte agtergrond? | | | |
| **Tema**<br>Dit wil sê die “les” of sentrale idee | | | |
| **Tydsverloop**<br>Vertelde tyd: Van wanneer tot wanneer strek die verhaal? Hoeveel dae/weke/maande/jare? | | | |
| Verteltyd: Hoeveel bladsye word gebruik vir die vertel van die verhaal? | | | |
| **Literêre stylmiddels**<br>Soek voorbeelde van die volgende en bespreek: | | | |
| Metafoor | | | |
| Vergelyking | | | |
| Klanknabootsing | | | |
| Simbool/simbole | | | |
| Kontras | | | |
| Sarkasme | | | |
| Ironie | | | |
| Metonimia | | | |
| **Deurlopende motiewe of simbole**<br>Wat kan elkeen alles beteken? | | | |
| **Persoonlike respons op die verhaal** | | | |
| Hou jy daarvan? Motiveer. | | | |
| Wat dink jy van die verhaal se slot? | | | |
| Het die verhaal jou houding oor ’n saak verander? | | | |
| Met watter karakter het jy die meeste simpatie. Hoekom? | | | |

## 3. Glossarium van literêre begrippe

**afloop** die finale deel van die verhaal waar die ontknoping van die spanningslyn plaasvind en vrae of geheime beantwoord word

**antitese/kontras** teenstelling van gedagtes wat uitgedruk word wat skerp teenoor mekaar staan (in die donker verligte straat)

**beeldspraak** vergelyking, metafoor, personifikasie

**boodskap** die sentrale gedagte of stelling wat die verhaal saambind en selfs beheer. Dit is die skrywer se manier om met sy leser te kommunikeer oor idees, persepsies en gevoelens.

**buitestander** ’n karakter wat nie aan die groep behoort nie

**chronologies** die gebeure in die verhaal is gerangskik in die volgorde wat dit gebeur

**eerstepersoonsverteller/ ek-verteller** die hoofkarakter vertel die storie uit sy waarneming en perspektief

**eufemisme** wanneer ’n versagtende omskrywing gebruik word (bv. Hy het sag heengegaan, in plaas daarvan om te sê hy is dood)

**hiperbool** doelbewuste oordrywing (Ek het jou al ’n duisend keer gevra . . .)

**intrige** die volgorde waarin die gebeure gerangskik is, die verwikkeling wat die spanning laat opbou en die storielyn verteenwoordig

**inversie** omgekeerde woordorde

**ironie** wanneer jy die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel, vir groter effek

**karikatuur/spot** ’n oordrewe uitbeelding van ’n karakter deur die spot te dryf met karaktertrekke of voorkoms

**klanknabootsing** die gebruik van woorde om klank te skep of na te boots (tjoek-tjoek)

**konflik** uiterlike konflik is die spanning tussen die hoofkarakter(s) en ander karakters of tussen die hoofkarakter(s) en sy/hul omgewing; innerlike konflik vind in die gemoed van die karakter plaas

**kontras/antitese/ teenstelling** twee uiterstes word teenoor mekaar gestel

**metafoor** een ding word met ’n ander vergelyk sonder die woorde *soos* en *as*

**metonimia** net ’n deel van die geheel word genoem (*Hy bly al jare onder sy ouers se dak, impliseer dat hy in hulle huis bly.)*

**oksimoron** twee teenoorgestelde begrippe word met mekaar verbind (bv. ou nuus)

**onderbeklemtoning** iets word op 'n terughoudende wyse uitgedruk, eerder as om die volle waarheid te ontbloot

**paradoks** skynbare teenstrydigheid (om die waarheid te sê, moet ek lieg)

**personifikasie** menslike eienskappe en handelinge word aan lewelose dinge, diere of plante toegeken (bv. Die son lag in my gesig)

**plat karakter** 'n statiese karakter wat voorspelbaar is en min of geen ontwikkeling toon nie

**retoriese vraag** 'n vraag wat nie 'n antwoord verwag nie, maar gebruik word om te beklemtoon

**ronde karakter** 'n dinamiese karakter wat ontwikkel en deur die tyd en ruimte gevorm word

**ruimte** die agtergrond of plek waar die gebeure afspeel

**sarkasme** bytend, spot, minagting wat wil seer maak of skok deur presies te sê wat jy bedoel

**satire** ietwat spot met die lewe

**simbool** wanneer 'n voorwerp gebruik word om iets anders, gewoonlik 'n abstrakte saak, te verteenwoordig (bv. die duif as simbool van vrede)

**stereotipe** 'n persoon met die tipiese eienskappe van 'n sekere groep (Alle blondines is dom)

**stylfigure** inversie, simbool, karikatuur, onomatopee, klanknabootsing, ironie, kontras, spot, satire, sarkasme, antiklimaks, hiperbool, woordspeling, metonimia, onderbeklemtoning, eufemisme,

**subintrige** 'n ondergeskikte storielyn

**tema** die sentrale of hoofgedagte van 'n teks, die universele betekenis daarvan

**terugflits** is 'n onderbreking in die chronologiese gang van die gebeure

**vergelyking** stel twee dinge naas mekaar om die ooreenkoms of verskil te vergelyk deur die woorde *soos, nes, net soos* te gebruik (So koel soos 'n komkommer)

**verteldetyd** die tydperk wat die verhaal dek

**verteltyd** is die tyd wat dit neem om die verhaal te vertel, in hoeveel bladsye

**woordspeling** die humoristiese gebruik van 'n woord om 'n ander betekenis uit te bring

## 4. Bibliografie


Baker, E. 2008. *Die-kwart-voor-sewe-lelie* (skooluitgawe). Kaapstad: Human en Rousseau.

Barnard, L. 2013. "Skoenlapper" (resensie). *Tydskrif vir Letterkunde*. 50 (1) 2013.

De Lange, A. 2012. "Naïef en briljant" (resensie). *Rapport*, Julie 2012.

Departement van Basiese Opvoeding. 2011. *KABV-dokument gr 10-12.* Government Printing Works.

*HAT*. 2000. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Salzwedel, I. 2012. "Skoenlapper". *Volksblad*, Oktober 2012.

Van Tonder, M & Koen, E & Vermaak, A & Barnard, R & Holtzhausen, J. 2008. *Manaka* (skooluitgawe). Kaapstad: Human & Rousseau.

Smuts, J.P. 1998. Die roman: 'n inleidende studie. Eerste uitgawe. Kaapstad: Human & Rousseau.

Victor, M. 2012. "*Skoenlapper* deur XXXX – 'n bedrewe en onderhoudende spel met die leser". Beskikbaar by: http://www.litnet.co.za/Article/skoenlapper-deur-XXXX--n-bedrewe-en-onderhoudende-spel-met-die-leser

# 5. Moontlike antwoorde:

## 5.1 Kontekstuele vrae

| | Punt | Barret se taksonomie |
|---|---|---|
| 1.1 B (konferensiesaal) | **1** | **1** |
| 1.2 Die reuk van Kubaanse sigare<br>Hy vermoed dat sy iemand anders sien<br>en dit maak hom bang | **2** | **2** |
| 1.3 Leerder se eie gepaste mening,<br>bv. Sy stap stadig omdat sy die kontak met hulle wil uitstel/<br>sy iets wil wegsteek/weet dat sy baie tyd het | **1** | **1** |
| 1.4.1 Hy het gedink dat die mediakonferensie betyds sou begin | **1** | **1** |
| 1.4.2 Die minister en sy gevolg | **1** | **1** |
| 1.5.1 Aanvaar enige gepaste verduideliking binne<br>die konteks van die verhaal, bv. Dit is nuus wat sy van hom<br>weerhou het/Hy het nie geweet dat sy in so ’n ernstige verhouding<br>was nie/Hy wonder of sy dan ernstig is oor hul verhouding . . . | **1** | **3** |
| 1.5.2 “Ranna se mond word ’n dun lyn.” | **1** | **3** |
| 1.5.3 metafoor | **1** | **1** |
| 1.6.1 Hy is ’n joernalistieke kollega wat in ’n kort verhouding<br>met haar was | **1** | **2** |
| 1.6.2 Sy weet dat hy sy hare gereeld skeer/Sy vryf oor sy kop/<br>Hy weet van haar slaapgewoontes/Hy weet van haar verlowing | **1** | **3** |
| 1.7.1 Hy insinueer dat daar mans is wat snags by haar deurbring | **1** | **3** |
| 1.7.2 Sy is bang om te slaap omdat sy weet dat iemand haar agtervolg<br>Sy lees in die nag om wakker te bly omdat sy bang is | **1** | **3** |
| 1.7.3 Die boeke is soos haar kinders/Sy moet lees om wakker te bly | **2** | **2** |
| 1.8 Aanvaar leerder se verklarings binne konteks, bv.<br>Hy verwys na haar vorige liefdesverhoudings./<br>Sy het al baie mans gehad . . . | **1** | **3** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.9 | Leerder se eie mening (gepas binne konteks), bv.<br>Sy bedoel dat hy geen meisies in sy bed het nie/hy snags alleen slaap, want daar is niemand om sy bed warm te hou nie . . .<br>Haar woorde klink na 'n grap, maar haar stem (ys) suggereer dat sy kwaad is. | **2** | **4** |
| 1.10.1 | hartseer | **1** | **3** |
| 1.10.2 | Sy het besef dit is Billy, die man met wie sy 'n verhouding gehad het en wat vir haar gesorg het. | **1** | **3** |
| 1.11.1 | agterdeur wegkomkans | **2** | **2** |
| 1.11.2 | Ranna het 'n geleentheid geskep om, as sy moet, van haar hartseer te kon wegvlug. (Om 'n agterdeur oop te hou: 'n geleentheid om aan iets te onttrek) | **1** | **3** |
| 1.12 | Leerder se eie opinie, binne die konteks van die verhaal. Bv. Ja, dit moes vir haar moeilik gewees het om op die lyk van 'n man vir wie sy gevoelens gehad het, af te kom/sy was bang dat Alex haar ook sou los . . . Nee, sy moes van die begin af eerlik gewees het met Alex/Sy is 'n moordverdagte . . . | **2** | **4** |
| 1.13 | Sy het 'n wegkomkans gesoek omdat sy die man herken het terwyl hy gedink het sy wens dat sy haar kamera (wat in die Land Rover was) by haar gehad het. | **2** | **2** |
| 1.14 | Enige gepaste antwoord binne konteks van die verhaal, bv.<br><br>Hy besef skielik dat daar 'n verband tussen Ranna en die lyk kan wees./ Dalk vermoed hy ook 'n verband tussen die bloed aan haar arm en Billy Jones. / Dalk vermoed hy dat dit die man was oor wie sy so geheimsinnig was. | **2** | **3** |
| 1.15 | Daar is geen foto's nie, maar sy is 'n wêrelderkende fotograaf. | **1** | **3** |
| 1.16 | Leerder se eie inskrywing, iets soos:<br><br>Billy! Billy! Wat het gebeur? Wie het dit gedoen? Help my, nie nog 'n keer nie! En nou lyk dit of dit ek is. Was ek die laaste een by jou? Hoe gaan ek dit van die polisie af weghou? Ek kan nie meer nie, ek kan nie meer nie. Wat gaan Alex van my dink? O, Vader! Wat as hulle vir Alex ook kom?<br><br>1 punt vir reaksie, 1 punt vir emosie | **2** | **3** |

| | | |
|---|---|---|
| 1.17.1 Leerder se eie antwoord, bv. | **1** | **5** |
| Ja, sy is maar ook net ’n skoenlapper wat migreer en padgee as dinge te warm raak. Sy ignoreer ook alles om haar blindelings ten koste van die mense wat haar liefhet . . .<br><br>Nee, sy is eerder ’n ruspe wat alles in haar pad verorber en sy laat die dooie geliefdes agter. Sy is soos ’n mot wat haar vlerke verbrand as sy aan die einde wegvlug van Alex af . . . | | |
| 1.17.2 Leerder se eie keuse, bv.<br><br>Eerlikheid (Ranna is nie eerlik met Alex nie en slegte goed gebeur met haar . . .)<br><br>Die lewe is nie net swart of wit nie (Daarom dat Ranna en Alex so omring word deur chaos . . .)<br><br>Ware ouerliefde is kosbaar (Ranna en Alex het albei slegte herinneringe aan hul kinderjare . . .) | **2** | **5** |
| | **Totaal** | **35** |

**ONTLEDING VAN BARRET SE TAKSONOMIE:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vlak 1 en 2:** | **14** | **35** | **40%** |
| **Vlak 3:** | **14** | **35** | **40%** |
| **Vlak 4 en 5:** | **7** | **35** | **20%** |

## 5.2 Moontlike antwoorde vir opstelvrae

**Meer feite as wat nodig is** vir jou opstel word aangedui; dit is egter onmoontlik om al die feite in die boek te lys.

**Moontlike antwoord vir opstelvraag 1:**

**Inleiding:** Kandidaat verskaf ’n gepaste inleiding, bv.

Ranna se verhoudings met die drie mans is anders as die normale omdat sy haar verlede probeer wegsteek en uit vrees hulle nie in haar vertroue kan neem nie.

Tom is ’n vryskut-verslaggewer wat al vyftien maande in Dar es Salaam bly en soms saam met Ranna werk.

Tom probeer om Alex te laat afsien van Ranna deur te sê dat “die vrou moeilikheid in hoofletters” is.

Alex sien dat Tom lief is vir Ranna want hy sien die geluk in Tom se gesig as Ranna hom afneem toe hy 'n sigaret met sy hak doodvee.

Tom is sinies oor Ranna se verhoudings met ander mans, omdat hy nog vir haar omgee. Hy sê vir Alex dat sy hom ook op 'n tyd gevang het en dat hy haar steeds nie kan vergeet nie. Hy gaan nie vir Alex vertel oor hul verhouding nie, veral nie omdat hulle al twee iets vir haar voel nie.

Ranna was nie lief vir Tom nie, want hy sê dat hy nooit goed genoeg vir haar was nie, waarop sy antwoord dat sy haarself nie kan maak voel nie; liefde is vir haar nie 'n proses nie.

Anders as Alex, wat 'n "decent ou" is, dring Tom homself aan Ranna op toe hy haar huis toe neem. Sy jaag hom huis toe en dreig om die polisie te roep.

Tom is jaloers op Alex se verhouding met Ranna. Hy vra of Alex weet hoe gelukkig hy is. Hy sê ook dat elke keer wat hy Ranna en Alex saam sien, hy wonder wat hy verkeerd gedoen het.

Ranna is ontsteld na die episode met Tom en voel dat sy 'n goedkoop besitting is; sy is moeg om haarself aan "lovers" en polisiemanne te verduidelik.

Ranna besef dat iemand wat na aan haar is en 'n motief moet hê, besig is om almal vir wie sy lief word, se dood te bewerkstellig, soos wat Gerard Peroux, haar verloofde, in Parys vermoor is. Tom word ook 'n kandidaat op die lys van verdagtes wat sy vir Hamisi, die speurder, moet saamstel.

Ranna het haar vertroue in Tom verloor omdat sy besef dat hy vir haar lieg as hy sê dat sy mooi lyk.

Ranna erken teenoor Charlie dat sy vir Alex lief is.

Ranna volg Alex na sy ouers se plaas in Suid-Afrika en word in sy ouers se huis bewus van 'n naderende onheil voor Tom haar gewelddadig aanrand en met 'n mes steek.

Ranna beëindig finaal haar verhouding met Tom wanneer sy hom doodsteek en sy en Alex sy lyk op die treinspoor los. Haar verhouding met Tom eindig dus baie negatief.

William Peter Jones, alias Billy, was die Amerikaanse IT-miljoenêr wie se vakansiehuis in die see gestort het en met wie Ranna ook in 'n verhouding was.

Ranna het haar verhouding van drie maande met Billy vir Alex weggesteek; hy hoor by Hamisi dat dit net 'n paar weke voor Billy se dood beëindig is. Alex wou weet of hy in die biljoenêr se slaai gekrap het.

Ranna se verhouding met Billy is met geheimsinnigheid omhul, want, volgens Tom, is die verhouding op 11 Februarie beëindig, die aand toe Ranna vol bloed by Hardings opgedaag het.

Ranna ontken dat sy Billy ken nadat sy en Alex sy lyk op die strand ontdek ten spyte daarvan dat hy hartseer op haar gesig sien.

Ranna se emosies en optrede bly nie konstant nie; vir Alex is sy ’n “ander vrou” wat langs hom in die polisiekantoor sit as die een wat so emosioneel was toe hulle die lyk op die strand ontdek het.

Ranna het finansieel gebaat uit haar verhouding met Billy, want sy het drie keer geld van hom gekry en sy word ook in sy testament genoem. Volgens Hamisi het Ranna en Billy ook rekeninge saam in die VSA gehad. Dit bewys dat sy hom beter geken het as wat sy voorgee.

Ranna is ook ’n verdagte in die moordondersoek juis omdat sy geld van Billy ontvang het en al twee keer deur die polisie ondervra is tydens moordondersoeke van twee mans by wie sy betrokke was.

Alex het ook ’n vermoede dat Ranna betrokke kan wees by Billy se dood en hy vra direk vir Hamisi of hulle haar verdink. Hamisi bevestig Alex se vermoede as hy antwoord dat daar te veel slegte dinge gebeur wanneer Ranna Abramson in die omtrek is.

Ranna erken dat sy in ’n kort verhouding met Billy was, maar dat sy besef het dat hulle “beter vriende as lovers” is.